Saterdag **9 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 50:15-26**

**Fokusgedeelte: Genesis 50: 9-20, 24 (AFR2020)**

**God se heerskappy strek wyer en verder as net ons vergifnis**

Om mekaar te vergewe as daar baie kwaad ons aangedoen is, is nie maklik nie. Ons is dikwels daartoe geneig dat daar vergelding moet wees. So seer soos ek gekry het, so seer moet die ander mens kry wat my seergemaak het.

Watter uitsig bied Josef ons as daar oor vergewensgesindheid gehandel moet word. Josef se broers het na sy vergifnis gesoek. Hulle was oortuig Josef het beheer oor alles. Hy is dan ook in beheer om hulle te vergewe oor baie kwaad en leed wat hulle Josef aangedoen het. Hulle het gedink dat alles van Josef afhang oor wat nou verder met hulle as sy broers gaan gebeur.

Josef maak dit baie duidelik dat wanneer daar oor vergifnis gehandel word, God daarmee ook in beheer is. Josef sien God se heerskappy wat wyer strek as net vergifnis. God se heerskappy is tot op die einde die vervulling van waaroor Josef baie jare gelede gedroom het, dat sy broers voor hom sou buig. Nou het hulle alreeds meer as een keer voor hom gebuig. Die woorde wat Josef se broers teenoor hom uiter, is ook neerbuigende woorde. Kyk, ons is u slawe. Dit dryf Josef tot trane!

’n Wenende Josef is ook ’n belydende Josef. In sy trane bely Josef dat daar niks is wat God nie beheer en waaroor God nie regeer nie. God regeer selfs oor die kwaad, al is daar nooit enige sonde by God nie. Daar is in alle geval niemand wat die plek van God kan inneem in wat alles met Josef en sy broers gebeur het nie. Alles is só deur God beskik en God sal oor alles in wat ook verder met hulle almal gebeur, die hand hou.

Josef se woorde, optrede en gesindheid staan duidelik in diens van Jesus Christus. Jesus se eerste kruiswoord – Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie – staan nie los van hoe Josef oor vergifnis gedink en gehandel het nie. Al het Josef bely hy is nie God nie; hy kan ook nie in die plek van God handel en vergewe nie.

Jesus Christus is wel God. Hy het na ons gekom om in ons plek mens te wees, maar Hy alleen kon as mens die plek van God inneem wat Josef nie kon inneem nie. Jesus het nie net die woorde van vergifnis kon spreek nie, Hy het ook die prys wat dit waarlik sou kos om te vergewe, ten volle betaal.

Mag ons in Christus deur sy Heilige Gees gevul wees met wat God ook van jou verwag wanneer jy vergifnis aan ander moet betoon. Mag God deur sy Gees ook binne ons regeer wanneer ons moet vergewe, al kan ons nie alles verstaan nie. Dan sal ons besef God se heerskappy strek wyer en verder as net jou en my vergifnis.

*Sing: Psalm 86-1:1, 3*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*